# Eldo-Gespreksgids

## Rigters 4

In **Rigters 4:1-10** lees ons die verhaal van die profetes, Deborah. Sy het in 'n tyd geleef waar die Kanaäniete, onder Koning Jabin en sy generaal Sisera, die Israeliete oorheers het. Israel het baie swaargekry in hierdie tyd. God het toe vir Barak, die Israelitiese generaal oor 10 000 soldate, die opdrag gegee om teen hierdie Kanaänitiese volk en hulle 900 ysterstrydwaens op te tree. Maar Barak was bang. Hy het gevrees dat hulle gaan verloor en almal hul lewens gaan verloor omdat die Kanaäniete die oorhand gehad het, al was hulle minder in getalle gewees. Dit is toe in hierdie vrees, wat God vir Deborah stuur om Barak moed in te praat. Dit kan gesien wees as 'n klap in die gesig, want nou moet 'n VROU (onthou vrouens het nie baie hoë aansien in daardie tyd gehad nie), vir 'n generaal van die weermag moed in praat om oorlog te voer. Maar eintlik was dit presies wat Barak nodig gehad het. Deborah is gestuur soos 'n moeder vir die seuntjie Barak. Sy word iemand by wie Barak in 'n sin kan veilig voel en sy vertrou in kan sit, ons sien dit as hy sê, "ek sal net gaan as *jy*, Deborah, saam met my gaan." Deborah, hierdie die vrou en profetes, word toe hierdie Israelitiese generaal se onwaarskynlike steunpilaar.

En hierdie verhaal leer ons 'n paar dinge. Eerstens, dit is okay om te wys jy is swak. Barak, die generaal oor duisende, het self bang geword vir dit wat voorlê en toe troosting gevind by Deborah by wie hy "swak" kon wees. In vandag se wêreld, veral in die Afrikaanse kultuur, mag mens nie wys jy is swak nie. Mens moet altyd sterk en onafhanklik voorkom. Om te huil is vir sussies! Maar as selfs 'n generaal broos raak by iemand anders, mag ons ook. Ons mag huil. Ons mag afpak. Ons mag voel dat die wêreld soms te veel raak. Die akteur Johnny Depp het die pragtige woorde gesê: "Om te huil is nie om te wys jy is swak nie, maar dat jy té sterk was vir té lank." So jy mag maar in trane uit bars in frustrasie. En as jy 'n uur het om te huil, moenie stop by 'n halfuur nie!

Tweedens, God stuur mense op ons pad om ons te troos. God stuur mense op ons pad om daardie skouer te wees waarop ons kan huil of daardie oor by wie ons kan afpak, of kan vra vir hulp as ons sukkel. So gaan na daardie mense toe, of dit nou jou eggenoot, vriend, ouer, kind, of familielid is, en vertrou daardie persoon om jou hart mee te deel. En onthou, God kan ook altyd daardie persoon wees – Hy *wil* hê ons moet oop en eerlik met Hom wees.

Derdens, gaan sê vir daardie persoon by wie jy kan afpak, huil, hulp vra, en wie jou steunpilaar is in die lewe, *dankie*! Gaan sê dankie vir die by wie jy rus. Gaan sê dankie vir dié wie jy op kan leuen en soms voor kan swak word. Hulle is gestuur deur God. Hulle is 'n ware geskenk in ons lewens. Hulle sal dit opreg waardeer as jy wys hoe baie jy hulle waardeer.

En dan vierdens, laat ons hierdie mense wees by wie ander op kan steun. Laat ons dié wees wie met liefde ander omhels wat deur 'n moeilik tyd gaan. Hulle omhels wanneer hulle swak of broos voel. Laat ons met liefde ander troos en moed in praat. Dit is juis dan wanneer ons hierdie steunpilaar vir ander is dat ons God in die wêreld openbaar en so 'n gemeenskap bou gevestig in Sy liefde.

## Gespreksvrae

1. Hoekom is dit soms moeilik om op ander te steun, af te pak, of te vra vir hulp?
2. Wie is daardie persoon in jou lewe wie God aan jou gegee het om "swak" voor te kan wees?
3. Hoe kan ons vir ander wys ons waardeer hulle ondersteuning opreg?
4. Hoe kan ons daardie steunpilaar vir ander wees?

Bonus vraag: Wat as jy iemand wil help, maar hulle nie jou ondersteuning wil hê nie?